HOOFSTUK 20

Die voleinding

1. Onder die voleinding word die hiernamaals verstaan. Die volle saligheid van die hiernamaals begin op die dag van Christus se wederkoms. Die plek waar die voleinding plaasvind, is die koninkryk van God.

2. Daar is enkele tekens wat die verskyning van die voleinding sal voorafgaan, naamlik oorloë, gerugte van oorloë, aardbewings, toename van goddeloosheid, afval en verval in die kerk, openbaring van die *mens van sonde* of die *seun van die verderf* of die antichris – Matteus 24; Markus 13; 2 Tessalonisense 2.

3. Die laaste dae sal baie vervolging inhou vir dié wat getrou die getuienis van Jesus Christus bewaar en gehoorsaam is aan al sy gebooie. Die Here sal selfs die dae verkort ter wille van dié wat nog glo.

4. Ons kan egter nie met hierdie tekens die wederkoms bepaal nie. Hulle is slegs die "klop aan die deur" om ons waaksaam te hou. Ons moet in die verwagting lewe dat die Here baie spoedig kom. Dit moet ons troos dat die verlossing baie naby is – Openbaring 22:17; Lukas 21:28; Titus 2:13; NGB, art. 37.